

30 April

Lukas 15: 11-20

(Teks: 15:17)

Baie dagloners en hulle het almal genoeg kos

Die pad van geloofsekerheid vra dat jy telkens weer tot jousef kom. Toe die VERLORE SEUN tot homself gekom het, toe sien hy homself: Kyk, hoe het ek weggeloop van my Pa; kyk wat het ek alles saam met my maters aangevang; kyk waar sit ek nou, hier agter die varke, veragtelik, eensaam, verhongers.

Wie só na homself kyk, ervaar ook hoe die Here jou verder lei: Skielik verrys voor hom die beeld van sy vergete Pa. Sy Pa wat hy dood verklaar het, want op erfgoed maak jy aanspraak na iemand se dood. Maar toe, na wie weet hoe lank, dink hy weer aan sy Pa en hy gryp die beeld vas: Waarlik daar is tog iemand, tog uitkoms. Nou praat hy weer van: MY PA - met ontsag, eerbied. By sy Pa was daar die gewone werkers, maar ook die dagloners. Hulle is van die straat af gehuur, maar by sy Pa het hulle genoeg gehad - letterlik: Spyse – 'n maaltyd, verskillende soorte kos. Die pa was 'n rojale mens. Selfs aan die geringste gee hy oorfloedig.

In die hemel is daar ook so 'n Vader - ryk in sy genade en versorging. Mild verkwik Hy. Kom daarom tot jousef. Dink terug. Sien Hom weer (al het jy Hom dalk langs die pad vaarwel toegeroep).

Die VERLORE SEUN HET opgestaan en teruggegaan - weg van hierdie slegte lewe van hom. Dit moet jy ook doen. Baie mense het tot by die vierde tree gevorder, die wete: Net een kan help, maar die opstaan en teruggaan ontbreek. Staans op. Loop. Steek jou hande uit. Bid: Here, ek kom maar net na U toe!

Sing Skrifberyming 19:1 en 2

Ds. L.D. Aucamp (Cullinan)